Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 30 JULIE 2009

Kan nie glo ons is al in die tweede week van dié kwartaal nie. Welkom terug aan almal na 'n welverdiende wintervakansie. Ons is vol vertroue dat almal goed uitgerus het om die derde kwartaal met 'n huppel in u stap aan te pak.

BELANGRIKE INLIGTING

Dra van sweetpakke:

- Leerders mag op Maandae en Donderdae volledige sweetpakke skool toe aantrek. Hierdie is 'n vergunning en indien leerders nie by die skooldragreëls hou nie, sal hierdie reëling teruggetrek word.

Produksie 2000:

- Die groep van Produksie 2000 voer op 03 Augustus 2009 om 08:15 'n opvoedkundige stuk, "Die Goue Geheim" by die skool op. Koste: R10,00 per leerder. Dié koste word gedeel met die dra van gewone klere, wat ons leerders op Vrydag, 31 Julie, mag aantrek.

- **KTV-MARKDAG : 5 SEPTEMBER 2009**
  Hierdie gewilde markdag vind plaas op 5 September vanaf 10:00 tot 14:30 by die Fleurdal Sentrum (Checkers Hyper), parkeerterrein. Ons moedig alle Woekerwinsieleerders aan om deel te neem. Groot pryse kan gewen word. Inskrywingsvorms is by juf. Annatjie van Wyk beskikbaar. Sluitingsdatum vir inskrywings is 13 Augustus 2009.

BELANGRIKE INLIGTING : NASORG

Geliewe daarop te let dat toesig by ons nasorg elke dag net tot 17:30 is. Daarna is daar geen volwasse toesig op die skoolgronde nie. U kind moet dan by die wagkiosk vir u wag. Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief gehoor te gee aan hierdie versoek en te hou by bogenoemde tye.

NUUS UIT DIE KOEIKAMP : 2009

Hou asseblief hierdie spasie dop!!!!!!

Ons immer gewilde "Koeiprojek", met groot pryse en baie verrassings, skop eerskomende Maandag, 3 Augustus, af met die geskud (van beursies) en baie entoesiasme van ons leerders. Ons "Dropdag" is D.V. 16 Oktober op die rugbyveld, wat in 'n feestelike gewaad getooi gaan word. Maak nou reeds 'n afspraak in u dagboek met die skool om die feesvieringe saam met ons te kom geniet.

'n Damestee word op 22 Augustus 2009 om 09:30 in die Gereformeerde Kerk – Suid, Haldonweg, aangebied ter stywing van die "Sean Rossouw Trust". Kom geniet 'n verrykende dag met Dr. Christa Weyers wat as gasspreker gaan optree. Koste: R120,00 per persoon. Kontak die kantoor by 051-5225951 (Zetta/Alida).

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

GRATIS EKSTRA WISKUNDE KLASSE GRAAD 7

Daar word reeds vanaf Januarie elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:50 tot 14:50, vir alle Graad 7 leerders, eksta Wiskunde klasse deur mnr. W. J. de Klerk (Wiskunde vakhoof) aangebied.

Hierdie gratis klasse is vir leerders wat probleme met wiskunde ondervind en wat sukkel om die slaagsyfer van 40% te behaal. Leerders wat afwesig was tydens wiskunde klasse kan ook hierdie ekstra klasse bywoon. Indien 'n leerder se probleem na 15 minute opgelos is, kan die leerder die klas verlaat en hoef hy/sy nie die volle duur van die ekstra klas by te woon nie.

TE KOOP: 'n Viervoetige, stertswaaiende maatjie vir jou kind – wie kan dit weerstaan..... Pragtige Spaniëls – sewe weke oud. Slegs reuntjies. Kontak Jaco by 0824113580

FINANSIëLE OORLEWING

As gevolg van die resessie blyk dit dat baie van ons se geldsake maar onder druk verkeer. Ten spyte daarvan dat sommiges 'n relatief hoë salaris verdien, kom hulle nie uit met die geld nie. Daarom is finansiële dissipline baie belangrik. Dis baie belangrik dat skuld met groot oorleg gemaak word en dat onnodige uitgawes tot die minimum beperk word. Moenie in moeilike tye nuwe skuld aangaan nie.

Persoonlike begrotings is die sleutel tot goeie finansiële beplanning en oorlewing. Hou rekord van alle uitgawes wat aangegaan word, prioritiseer jou uitgawes – daarna kan jy bepaal waarop besnoei kan word. Wees baie versigtig vir kredietkaarte – onthou die rente op uitstaande bedrae op 'n kredietkaart is baie hoog. Indien goeie dissipline nie toegepas kan word met die gebruik van 'n kredietkaart nie, sluit hom toe totdat jou kredietkaartskuld ten volle afgelos is. Moenie luukshede koop net om by die bure of vriende en familie goed te lyk nie.

Moenie iets koop wat jy nie nodig het nie, koop dit omdat jy nie daarsonder kan klaarkom nie. (Wyse ou Gryse).